

## WEEK 11– HERLEWING, 2 KRONIEKE 7: 13-15.

### 2 Kronieke 7:13-15.

13 **As (wanneer)** Ek die hemel toesluit, dat daar geen reën is nie, of **as (wanneer)** Ek die sprinkaan beveel om die land af te eet, of **as (wanneer)** Ek pes onder my volk stuur, 14 **en (indien)** my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, **dan (daarna) sal Ek (verseker)** uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees 15 Nou sal my oë oop wees en my ore luister na die gebed van hierdie plek.

### Inleidend.

Ons pad sovêr:

- Die Here het Sy seën van ons land onttrek (vers 13) – daaroor het ons reeds gesels.
- Hy (die Here) verwag in reaksie daarop 4 handelinge (vs.) van sy kinders (m.a.w. Suid Afrikaanse Christene)
  - Verootmoedig / verneder julleself – daaroor het ons reeds gesels.
  - Draai van julle bose weë – **daaroor is ons tans besig om te gesels.**
  - Bid – daaroor sal ons nog gesels.
  - Soek My aangesig – daaroor sal ons nog gesels.

Ons trek nou by sondes wat die kerk in Suider Afrika pleeg, wat ons, as Christene namens ons kerk en sy leiers bely, asof ons self deel was daarvan. **Vorige keer** – die sonde van kompromie. Onthou ons het gesê, die groot hartseer van kompromie is dat ons as gelowiges God se onfeilbare woord in twyfel bring, asof God se Woord op 2 of meer maniere interpreteer kan word. Om so te sê, maak van God self 'n leuenaar, Hy verseker ons Sy woord is waar, volmaak en onfeilbaar, oop vir slegs een interpretasie. Deur God se Woord op meer as een manier te interpreter, en 'n voorwerp van debat te maak, maak ons ons kerk, ons Here, en Sy woord, 'n voorwerp van bespotting en minagting voor die wêreld. (Rom 2:24: "as gevolg van julle optrede word die Naam van God deur die heidennasies belaster")

Mag die Here ons kerk en sy leiers van hierdie sonde vergewe en reinig.

### Hierdie week – Sondes van stilbly - ons kerk se verhouding met die Suid Afrikaanse regering.

Voordat ons oor hierdie sonde kan gesels, is dit belangrik om te verstaan wat die Bybel leer oor die verhouding tussen die kerk en die staat. Deur die eeue heen was daar al baie verwarring, en baie verkeerd gedoen deur beide die kerk en die staat. Dink bv. aan die Rooms katolieke kerk. In sy fleur het die Rooms katolieke kerk eintlik ook die staat beheer en regeer, die kerk het so te se volle mag gehad, geestelik, sosiaal en polities. In die kommunistiese tydperk weer, het die staat volle beheer oor die kerk gehad – net so 'n euwel – dit is nooit die staat se plek om vir die kerk voor te skryf hoe daar aanbid word, en waaroor daar gepreek mag word nie. Maar hoe werk dit dan – wat die rol van die staat, en wat is die rol van die kerk, volgens die Skrif?

**Die staat** is deur God aangestel, om te reageer oor 'n volk, ten voordeel, tot beskerming, en tot opbou van almal in daardie land (Rom 13:1-7) Die staat se werk is om skuldiges te straf en dissiplineer, en onskuldiges te beskerm, en om elke burger 'n regverdige geleentheid te gee om te floreer. Die staat is dus aangestel deur God (Rom 13) om na die maatskaplike en materiële welsyn en welvaart van die bevolking om te sien.

**Die kerk** se taak is die geestelike inbou en opbou van gemeentede. Die kerk sien om na die geestelike en emosionele welsyn van die bevolking.

Dit gesê, wat is die verhouding tussen kerk en staat, is daar enige oorvleueling van pligte of samewerking? Streng gesproke het die 2 nie veel met mekaar te doen nie. Albei is dienaars van God, tot voordeel en opbou van die volk, elkeen se rol is goed omskryf, maar daar is tog belangrike aspekte van ons as kerk en gelowiges se verhouding met die regering, wat beklemtoon moet word.

**Eerstens, my verhouding, as individuele Christen** met die regering van die tyd: Eenvoudig, ek gehoorsaam die regering en landswette na die beste van my vermoë, **BEHALWE** as die regering van my as burger verwag om God se Woord te oortree. In hierdie geval, is ek onder verpligting om eerder God as mens te gehoorsaam, en ek gehoorsaam God se Woord, al is dit teenstrydig met die landswette. (Soos Daniel, Sadrag, Mesag en tientalle ander al met reg gedoen het) Bv: Sou die regering vir 'n predikant verplig om selfde geslag huwelike te bevestig, is die predikant onder verpligting teenoor God, om te weier om dit te doen. Of sou die regering 'n dokter / verpleegster verplig om aborties uit te voer, is die mediese praktisyn onder verpligting om eerder God as regering te gehoorsaam, en te weier om die aborties uit te voer.

**Tweedens – die verhouding van die Christelike kerk** teenoor die regering van sy tyd: Die kerk is geroep om op te tree as die "**gewete**" van die staat / regering. Waar die regering wetgewing buite die wil en Woord van God wil instel, is dit die kerk se verpligting om te waarsku, vermaan, en beginsels neer te lê waarvolgens die staat behoort op te tree. LW die kerk kan nie die staat verplig om te luister nie, net soos ek onder geen verpligting is om na my eie gewete te luister nie. Maar die kerk mag nooit kan sê - ons het nie gepraat, ons het nie gewaarsku, ons het nie beginsels neergelê nie. Ons lees in Jeremia 7:27 – "*Al sê jy hierdie dinge vir hulle, sal hulle nie na jou luister nie, al roep jy hulle, sal hulle jou nie antwoord nie.*" Of in Esegïël 2:7 – "*Jy moet vir hulle sê wat ek sê, of hulle luister of nie, want hulle is weerbarstig...*"

Dr Martin Lloyd Jones som hierdie hele verhouding tussen kerk en staat op deur te sê: "*The church is the kingdom of God in its present form. But do not forget that God has equally ordained the state for another purpose, namely to restrain sin in the world until it is finally hedged and put away. **The 2 spheres operate side by side but not in alliance. The reformed view has always been that the 2 (church and state) are to be regarded as complementary. If the church is doing her work, the state will be made to tremble, as Mary queen of Scots trembled at the prayers of John Knox (Mary Queen of Scots, een van die mees bese staatshoofde wat Brittanje ooit gesien het, het gesê: "I fear the prayer of John Knox more than the armies of Europe!"***"

#### **Sonde van stilbly nr. 1: Aborsie wetgewing:**

Aborsie op aanvraag is gewettig in Suid Afrika in Feb 1997. In die aanloop daartoe was die protestante kerk in Suid Afrika teleurstellend stil. Die meeste protes het gekom van die Katolieke kerk, asook ander nie kerklike maar Christen organisasies soos Doctors for life. Ons het ons rol as gewete van die regering tot 'n groot mate versaak. Ja, tien teen een sou die regering nie geluister het nie, maar, soos ons lees in Esegïël 2 – God verwag gehoorsaamheid om te praat, al luister hulle nie. Ons bely later namens die staat die verskriklikheid van aborsie op aanvraag, maar ons mag nooit ontken die skuld wat ons as kerk gehad het nie – ons sonde van stilbly, versuim om as gewete van die staat op te tree.

#### **Sonde van stilbly nr. 2: Bonus obligasies en wettiging van dobbel:**

In 1977 is bonus obligasies ingestel in Suid Afrika. Dit was 'n swak gekamoefleerde lotto tipe stelsel gewees, en die eerste keer wat lotery deur die regering in ons land goedgekeur is.

Destyds was Dr Willie Marais predikant van die meeste SA parlementariërs in Pretoria oos gemeente, insluitend eerste minister John Vorster. Dr Marais het keer op keer gepleit by Mnr. Vorster dat hulle die bonus obligasies nie instel, aangesien dit net 'n ander vorm van dobbel verteenwoordig. Die moderator van die NG sinode destyds was, interessant genoeg John Vorster se broer Koot. Ongelukkig was die advies wat Koot vir sy broer John gegee het, anders as die van Dr Marais, en daar is voorgegaan om bonus obligasies in te stel. Oor dobbel, en die vloek wat dit oor ons land gebring het, heelwat meer later, maar, Dr Marais was een persoon, een stem, waar was die kerk se stem om op te tree as gewete van die regering?

### **Sonde van stilbly nr. 3: Sondag ontheiliging.**

'n Laaste voorbeeld – Sondag sport en besigheid. Dieselfde Dr Marais het ook kapsie gemaak teenoor die instel van Sondag sport, en die oopstel van Sondae as 'n algemene besigheid dag. Die regering het wetgewing toegelaat wat God se Sondag onder ons voete laat vertrap het. Weereens het Dr Marais se versoeke op dowe ore geval by die destydse minister van sport. Maar, hartseer genoeg, hy was een stem, die kerk as geheel was teleurstellend stil.

### **Opsommend**

Die Here het ons as Sy kerk geroep om 'n profetiese stem in ons land te wees. Ons het 'n verpligting om ons regering op 'n vreedsame, maar ernstige manier te waarsku waar hulle oortree – want die gevolge van hulle oortreding is groot in geval waar landswette wat teenstrydig is met God se wet, ingestel word. Dobbel, Sondag ontheiliging, wettiging van aborsie, wettiging van pornografie en ander wetgewing het God se toorn oor Suid Afrika gebring. Ons bely saam met ons kerk dat ons nie van ons laat hoor het soos ons moet nie. Ons sal ook nog in die volgende week of 2 by die Here pleit om ons land te vergewe en te reining van die sondes gepleeg deur die regerende partye oor die jare heen.

### **Gebed:**

Nou, broers en susters, moet ons bely, namens ons kerk, en saam met ons kerk, waar ons versuim het om as die regering se gewete op te tree. Oor die kerk se betrokkenheid by die goedkeuring van apartheid het ons reeds gesels en gebid, vandag bely ons sondes van stilbly, niks sê as kerk waar ons moes gepraat het.

### **Kom ons bid saam:**

*Here, ek bely, saam met my kerk, en namens die kerk in Suid Afrika ons sondes van stilbly, versuim om te waarsku, en versuim om as die regering se gewete op te tree. Ons bely spesifiek dat ons as meerderheid gelowiges en protestantse kerk stilgebly het toe die aborsie wetgewing deur ons parlement implementeer is. Vergewe ons Here, dat ons stilswye eintlik as goedkeuring van die sonde van aborsie interpreter kon gewees het.*

*Ons bely verder, dat ons as U kerk stilgebly het, met die uitsondering van n paar stemme, toe staatslotery, en later ander vorms van dobbel gewettig is.*

*Ons bely ook, Here, dat ons stil gebly het toe wetgewing ingebring is wat U dag van rus, die Sondag, onder ons voete vertrap het. Ons bely dat deesdae, baie meer karre Sondae by die plekke van vermaak, sportvelde en winkel sentrums staan, as by U kerk.*

*Vergewe ons, as U kerk, hierdie sondes van versuim en stilbly. Help ons, om, in die maande en jare wat voorlê, U stem te word wat sonder kompromie ons regering sal waarsku en vermaan in gevalle waar wetgewing teen U wil beplan en ingebring word. Amen*

Tot volgende keer, MPG gebed span.